

WENKE VIR VERBETERDE VEILIGHEID OP PLASE EN KLEINHOEWES

Die Landelike Beveiligingsplan (LBP) tussen landbouers en die plaaslike polisie moet gesamentlike operasies loods om veiligheid en misdade in boerderygemeenskappe aan te spreek. Die LBP plan maak voorsiening vir strukture en stelsels wat tussen polisie en landbouers op plaaslike, distrik- en provinsiale vlak funksioneel moet wees om samewerking te verseker en te verbeter.

Vrystaat Landbou (VL) se Landelike Veiligheid komitee stel voor dat alle landbouers, ongeag of hul lede is van georganiseerde landbou, by 'n veiligheidsnetwerk/stelsel ingeskakel moet wees om pro-aktief na hul veiligheid om te sien en sodoende ook misdade op landbougrond te bekamp of voorkom. Privaat sekuriteitmaatskappye in en om dorpe is ook 'n rolspeler binne die Landelike Beveiliging Strategie (LBS).

Begin van Oktober kenmerk altyd die aanloop tot die opkomende feesseisoen waar daar 'n geneigdheid bestaan dat misdade op plase en kleinhoewes kan toeneem.

Boere moet krities hul veiligheidsnetwerk evalueer na gelang van die veiligheidskontrolelys wat opgedeel is in 5 onder afdelings nl:

- Effektiewe kommunikasie;
- Sekuriteit in en om woning (huis-en-haard beskerming);
- Verhouding met werkers en of bewoners op plase (effektiewe toegangsbeheer);
- Inligting skakeling en betrokkenheid in u geografiese area;
- Inskakeling by 'n gebeurlikheid- en veiligheidsplan of stelsel in u area.

Indien enige van die afdelings tekort skiet, moet daar daadwerklike aandag daaraan gegee word.

In kort word die volgende veiligheidswenke vir groter bewusmaking, paraatheid en observasie voorgestel:

Insake **effektiewe kommunikasie**, die volgende:

- Bekom radio kommunikasie, wees ingeskakel by die plaaslike radio netwerk, verhoed dat u sonder kommunikasie sit wanneer selfoon netwerke af is weens beurtkrag – hier kan ook 'n addisionele UPS gebruik word ten einde kommunikasie vir 'n langer tydperk te verseker;
- Toets gereeld radio kommunikasie met u veiligheidsnetwerk/koördineerder en bure;

- Raak deel van veiligheid “WhatsApp” groepe wat pro-aktief inligting rakende verdagte voertuie/personne in u area deurgee en skakel ook in by tegnologiese hulpmiddels bv alarm en kamera stelsels in u area;
- Skaf ’n addisionele selfoon aan wat op ’n strategiese plek binne die huis geplaas kan word (altyd gelaai) om sodoende in staat te wees om hulp te ontbied indien u bestaande selfoon geroof word – maak ook seker dat die selfoon/tablet se “tracking enable” is – vergewis uself van sekerheid/nood seine en of ’n toep/App op u slimfoon wat ook aan ’n bestaande veiligheids netwerk gekoppel kan word;

In terme van **effektiewe toegangsbeheer**, die volgende:

- Maak seker dat Agri SA se protokolborde wat toegang tot plase beperk by die ingang van u plaas aangebring word;
- Waar moontlik installeer afstandbeheerde hekke tot u erf wat nie deur struik/bosse versper word, waaragter persone kan skuil nie;
- Vreemdelinge moet hulself duidelik identifiseer alvorens u met hul in gesprek sal tree deur deure/hekke oop te maak;
- Pas toegangsbeheer tot u eiendom toe deur nie leeglêery toe te laat van werklose persone nie. Implementeer ’n toegang beheerstelsel vir besoekers, wanneer hul aankom, wie hul besoek, wanneer hul vertrek, ens.

In terme van **sekuriteit in en om die woning**, die volgende:

- Beveilig u woning met nodige veiligheidshekke met stewige slotte en diefwering voor vensters. Hou veiligheidshekke altyd gesluit en moenie sleutels ongekontroleerd laat rondlê nie – pas sleutelbeheer toe. Verander slotte van veiligheids hekke as sleutels wegraak. Moenie sleutels onder deurmatte of potplanthouers versteek nie. Haal sleutels uit voertuie uit as dit nie gebruik word nie;
- Wanneer u tuis kom, moet nie dadelik in die huis inbeweeg nie - inspekteur rondom die huis om te verseker dat alles in orde is en geen geforseerde toegang verkry is nie – as u honde het, kyk uit waar die honde is en wat hul gedrag is;
- Verseker dat gereedskap soos byle, grawe, pikke, koevoete en lere wat gebruik kan word in ’n aanval, toegesluit word wanneer dit nie gebruik word nie;

- Waar moontlik en afhangend van bekostigbaarheid, moet boere tegnologiese hulpmiddels gebruik oa alarms en of kamera stelsels ten einde hul eiendom en hulself, asook hulle families en werkers beter te beskerm teen kriminaliteit;

Insake, die ***verhouding met werkers en bewoners op plase***, die volgende:

- Werkers en bewoners moet bedag wees op verdagte persone en voertuie wat doelloos rondbeweeg en dit rapporteer – wees veral bedag op onbekende persone in oggende of smiddae by oplaai- en of aflaaipunte of wat naby die plaas ingang rond dwaal;
- Hou behoorlik rekord van werkers en bewoners op plase deur gebruik te maak van profiele en of integriteit keurings (kriminele rekord “check”, ID) – moenie onwettige immigrante in diens neem of met hul handel dryf nie en kontant gebruik nie

I.v.m. Skakeling van inligting en betrokkenheid in u geografiese area, die volgende;

- Gee voortdurend inligting aan veiligheidskoördineerders van landbou/polisie deur wat van uiterste belang is ten einde pro-aktief te kan optree veral tov enige moontlike verdagte beweging van voertuie en of persone – veral persone wat onder moontlike valse voorwendsels u eiendom betree;

Tov die ***inskakeling by 'n Gebeurlikheid- en Veiligheidsplan of stelsel in u area***, die volgende;

- Skakel in by die veiligheidstrukture wat tussen die plaaslike SAPD, landbouers en ander rolspelers in u area geskep is – woon gereeld maand vergaderings by, raak betrokke by wit/blou lig patrollies, inoefeninge 2 keer per jaar op die Gebeurlikheid- of Veiligheidsplan en kom gereeld in kontak met veiligheidsverteenvoerder van die boerevereniging of Landelike Veiligheidskoördineerder van die SAPD in u area;
- Skakel in by plaaswagstrukture en of 'n Beheerkamer in u area wat grotendeels PSIRA geregistreer is waarby privaat sekuriteit ook moontlik betrokke is;



VRYSTAAT LANDBOU
TSA TEMO FREISTATA
FREE STATE AGRICULTURE

- Doen gereelde en deurlopend inoefeninge op u eie Gebeurlikheid/Veiligheidsplan wat insluit die hantering van vuurwapens; tesame met u werkers en waar moontlik verskaf aan hul handradios na-ure;
- Daar is sekuriteitsmaatskappye wat veiligheids opleiding aanbied veral tov huis-en haard beskerming en reaksiegroep opleiding vir boerdery gemeenskappe – dit handel ook oor wetlike aspekte en hoe om in noodweer op te tree, noodhulp, vuurwapen opleiding waaronder skietoefeninge, ens;
- Kontakbesonderhede/noodnommers van bure, polisie en veiligheids koördineerders moet altyd byderhand wees of op selfone gelaai wees;
- As u enige onraad bemerk, aktiveer dadelik die veiligheidsplan in u area.

